

Dinsdag 5 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 6:5-8,
22; 7:17-24; 8:1-5, 16-22; 9:18-23

Fokusgedeelte: Genesis 8:1
(1933/53-vertaling)

Die Verbondsgod dink aan die verbondsmens

God doen altyd wat Hy belowe. Die Verbondsgod was hartseer en diep teleurgestel omdat die verbondsmens nie aan Hom getrou gebly het nie (Gen. 6:6-7). Daarom besluit Hy om die aarde skoon te vee, soos 'n mens jou stoep skoonvee.

Daar was egter 'n ligpuntjie in die donker – Noag (Gen. 6:9). Hy bou die ark (Gen. 6:22) en laai al die diere volgens die bevel van die Verbondsgod daarin (Gen. 7:1-9). Toe het die HERE *al die fonteine van die groot watervloed oopgebreek, en die sluise van die hemel is geopen; en die stortreën was op die aarde veertig dae en veertig nagte lank* (Gen. 7:11-12) tot die hele aarde onder water was. Alle mense en diere is van die aarde af weggevee – behalwe Noag en alles wat in die ark was (Gen. 7:22-23).

En God het gedink aan Noag en aan al die wilde diere en al die vee wat saam met hom in die ark was (Gen. 8:1). Die getroue Verbondsgod het nie van die verbondsmens vergeet nie! Hy het vir hulle en alles in die ark gesorg. Maar nou het die tyd aangebreek waarop Hy sy belofte van redding aan Noag verder gaan nakom. Hy laat die water van die aarde af opdroog. Die getroue Verbondsgod red die ontroue verbondsmens uit genade.

Die verbondsmens het egter nie geleer om aan die Verbondsgod getrou te bly nie! Daar vind weer 'n sondeval plaas (Gen. 9:21-22). Maar daar volg nie weer 'n sondvloed nie. Die Verbondsgod red finaal deur die bloedstorting van sy eie Seun! Hy het nie van die verbondsmens, wat in sonde geval het, vergeet nie. In Christus en deur die Heilige Gees dink Hy weer – en nog steeds – in sy reddende genade aan ons. Hoe sê ons vir Hom dankie?

Sing: Psalm 105-1:5

Ds. AP Krüger (Abraham) (Wolmaransstad)